



Verwysing: 20210309-1488  
Lêerno.: 12/16/5/5 / Wêreldonderwyserspryskompetisie  
Navrae: G.C. De Bruyn/J.C. Titus

Kaapse Onderrig- en Leierskapsinstituutminuut: 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal. Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare skole en spesiale skole

### **Onderwys: Wêreldonderwyserspryskompetisie**

1. Die wêreldonderwysersprys (WOP), 'n Varkey-stigtingprojek, ken jaarliks 'n prys van een miljoen Amerikaanse dollar toe aan 'n buitengewone onderwyser wat 'n uitsonderlike bydrae tot die onderwysberoep gemaak het.
2. Die Varkey-stigting het in 2014 die WOP van stapel gestuur en dit is nou die sewende jaar dat dit in werking gestel word.
3. Aansoeke om die WOP is nou oopgestel en die sluitingsdatum is 30 April 2021.
4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement wil graag ons skoolgemeenskappe aanmoedig om buitengewone onderwysers wat aan die maatstawwe hieronder voldoen, te nomineer.
5. Om vir die Varkey-stigting se WOP in te skryf, moet onderwysers aan die benoembare standaardte voldoen, en die volgende onderwysers kom in aanmerking:
  - a. Onderwysers wat tans onderrig verskaf aan kinders in verpligtende onderrig.
  - b. Onderwysers wat onderrig verskaf aan kinders met die ouderdom van vier+ jaar wat 'n vroeëjare-regeringserkende kurrikulum volg of tussen die ouderdomme van vyf en 18 jaar is.
  - c. Onderwysers wat deeltjds onderrig verskaf.
  - d. Onderwysers van aanlyn kursusse.
  - e. Onderwysers in enige soort skool en, onderhorig aan plaaslike wette, in elke land in die wêreld.
  - f. Hoofonderwysers met onderrigverantwoordelikhede kom ook in aanmerking om aansoek te doen.

6. Die wenner sal gekies word deur die vooraanstaande WOP-akademie wat bestaan uit hoofonderwysers, opvoedkundige deskundiges, kommentators, joernaliste, openbare amptenare, tegnologie-entrepreneurs, maatskappydirekteure en wetenskaplikes regdeur die wêreld, waarvan ons Hoof van Onderwys, mnr. Brian Schreuder, een van die gewaardeerde WOP-akademielede is.
7. 'n Stel streng maatstawwe om 'n buitengewone onderwyser wat 'n uitsonderlike bydrae tot die beroep gemaak het, te identifiseer, sal gedurende die verkiesingsprosesse toegepas word, d.w.s., 'n onderwyser moet:
  - a. Doeltreffende onderrigpraktyke aanwend wat herhaal kan word en meetbaar is om die gehalte van onderwys wêreldwyd te beïnvloed.
  - b. Vernuwende onderrigpraktyke aanwend wat die uitdagings van die skool, gemeenskap of land aanspreek en wat genoeg bewys gelewer het dat dit doeltreffend kan wees om sodanige uitdagings op 'n nuwe manier aan te spreek.
  - c. Bewysbare leerderonderriguitkomst in die klaskamer behaal.
  - d. Die gemeenskap buite die klaskamer beïnvloed wat unieke en gesiene toonbeelde van uitmuntendheid vir die onderwysberoep en ander mense kan wees.
  - e. Kinders help om wêreldburgers te word deur 'n waardesgebaseerde onderwys aan hulle te verskaf wat hulle toerus vir 'n wêreld waar hulle moontlik mag lewe, werk en sosiaal verkeer saam met mense van baie uiteenlopende nasionaliteite, kulture en godsdienste.
  - f. Die onderwysberoep verbeter deur te help om onderrig te verhef, beste praktyke te deel, en kollegas te help om enige uitdagings waarvoor hulle in hulle skool te staan kom, die hoof te bied.
  - g. Bewys lewer van onderwysererkenning deur regerings, nasionale onderwysorganisasies, hoofonderwysers, kollegas, lede van die groot gemeenskap of leerders.
8. Slegs **aanlyn aansoeke** sal aanvaar word. Aansoeke wat deur die pos of per e-pos ingedien word, sal nie oorweeg word nie.
9. Bykomende inligting oor die WOP is by die volgende webtuistes beskikbaar:
  - Voorspraakvideo vir 2021: <https://bit.ly/3Uww0z6>
  - WOP-webtuiste: <https://www.globalteacherprize.org/>
  - Aansoekvorms:  
<https://www.globalteacherprize.org/global-teacher-prize/apply-now>
  - e-Poskontak: [info@globalteacherprize.org](mailto:info@globalteacherprize.org)
10. Die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut sal voornemende genomineerdes bystaan deur:
  - a. Gasheer te wees vir 'n aanlyn inligtingsessie op **26 Maart 2021** vanaf 14h00 tot 15h00 wanneer me. Wendy Horne, 'n top-50 WOP-genomineerde, agtergrond oor die WOP-prosesse sal verskaf. Skole en die voornemende genomineerdes

word versoek om hulle bywoning te registreer deur die volgende skakel te gebruik: <https://forms.gle/KayG2LY3Mrb63QuU6>, waarna die skakel vir die virtuele sessie aangestuur sal word om dit by te woon.

- b. Gasheer te wees vir h aanlyn sessie op **31 Maart 2021** vanaf 14h00 tot 15h00 om te help met die invul van die vorms vir indiening by die Varkey-stigting. Onderwysers word versoek om hulle bywoning te registreer deur die skakel vir bywoningsregistrasie te volg. Die skakel vir die sessie sal aangestuur word sodra bywoning bevestig is.

11. Kom asseblief met die volgende amptenare in aanraking indien daar verdere navrae is:

<b>Amptenaar</b>	<b>e-Posadres</b>	<b>Telefoonno.</b>
Mnr. Gavin de Bruyn	<a href="mailto:Gavin.Debruyn@westerncape.gov.za">Gavin.Debruyn@westerncape.gov.za</a>	021 900 5041
Me. Jacqueline Titus	<a href="mailto:Jacqueline.Titus@westerncape.gov.za">Jacqueline.Titus@westerncape.gov.za</a>	021 900 5035

12. Maak asseblief seker dat die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderrigpersoneellede by u skool gebring word.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2021-03-15